Op 'n sagmoedige reus se rug

YOLANDÉ MIDDLETON
@Leefstyl24

Dit is veel veiliger op 'n olifant se rug as wat jy dalk sou dink.

In Camp Jabulani in Hoedspruit staan een van die hanteerders, Clever, by Lundi en haar seun, Mambo, voor hulle drie in die bos gaan rondloop nadat die oggend se ryery afgehandel is. **Foto's: MARISSA SCHOONRAAD**

Ek en my sus, Marissa Schoonraad, is maar bangerige mense. Van kleins af al.

Toe 'n olifantrit by Camp Jabulani in Hoedspruit in ons skoot val, was ons in twee geskeur. Ons monde word terstond droog en die maag gee 'n wilde draai. Wie sê nee vir so 'n geleentheid? Maar aan die ander kant, daai diere is groot en hoe verduidelik jy aan 'n olifant om ekstra sag met ons te werk, want ons is bang?

Dit het hard praat gekos, maar saam het ons besluit: ry gaan ons ry.

Die oggend voor die rit is ek en my sus maar ietwat bleek en bewerig. Nou, wat met my sus gebeur as sy regtig senuweeagtig is, is sy begin oor alles lag. En die lag klink nogal baie na die gerunnik van 'n perd. Ek, aan die ander kant, word tjoepstil. G'n woord kan uit my droë keel kom nie.

Soos ons by Camp Jabulani inry, staan die olifante reeds in 'n tou en wag. Elkeen het klaar hul hanteerder op die rug. Dit is 'n pragtige gesig: die reuse-diere met die spikkeltjies-mense op hul rûe en die Bosveld as agtergrond. Voor die avontuur begin, drink ons eers koffie. Die ander mense lag en gesels, sus runnik en ek is stom.

Eers word ons voorgestel aan Jabulani, na wie die kamp genoem is. Hy is 18 jaar oud en eintlik nou eers 'n tiener, maar dis moeilik om te glo as jy na sy grootte kyk. Hy is yslik. Hy betrag die mense geïnteresseerd met sy sagte oë wat omvou word deur lang wimpers.

Isaac Mathole, die olifantbestuurder by die kamp, begelei Jabulani deur sy passies. Eers lig hy sy voete op vir ons, tel voorwerpe met sy slurp op en maak tot sy mond oop dat ons binne kan kyk. Ná elke demonstrasie kry hy 'n lekkerny (die olifante se "sjokolade", wat soos 'n blokkie saamgeperste gras lyk).

"As ons dit nie vir hulle gee nie, werk hulle nie saam nie. Hulle doen niks vir mahala nie," lag Isaac.

Elkeen van ons kry 'n paar grasblokkies om vir Jabulani te gee. Hy staan gretig nader en hou sy slurp uit. 'n Mens raak liggies aan sy slurp en gooi die blokkies vir hom in. Die slurp is sag en nat met hier en daar 'n stekelrige haar wat uitsteek.

Terwyl Jabulani eet, vertel Isaac ons meer oor die bekendste olifant by die kamp. Sebakwe is die model onder die olifante. Hy is gek daarna om voor die kameras te wees en is die olifant wat op Amarula Cream se bottels pryk en in hul advertensies verskyn.

Die pragtige Lundi.

Lundi kry 'n eetdingetjie tydens die rit.

Toe is dit tyd om te ry. Jy stap met trappe op na 'n groot houtstellasie vanwaar 'n mens dieselfde hoogte is as die olifant. Só klim 'n mens met gemak op. Groot was die verligting toe ek die stellasie sien. Ek was bang ek moet eers op my olifant se been klim en dan my been soos 'n wafferse cowboy oor sy rug gooi... Dis ons beurt en Lundi kom aangestap. Sy gaan staan stil en Clever, haar hanteerder, hou sy hand uit om ons op te help. Ek en my sus gee mekaar 'n bevreesde kyk en toe klim ek. My sus kom sit styf teen my en dan is ons op pad – Lundi, Clever en twee vroue wat vir lewe en dood vasklou aan die handvatsels op die saal.

Gou is al die bang vergete. Lundi stap grasieus en ritmies met ons deur die Bosveld, versigtig om die pakkie op haar rug veilig terug te kry by die beginpunt. Clever is ook die dierbaarheid vanself. Hy stel ons gerus, maak grappies en vertel ons tussendeur van die olifante waarmee hy elke dag werk.

Lundi is glo een van die rustigste olifante by Camp Jabulani. Ironies word sy toe vyf jaar gelede die ma van 'n kalf met die naam Mambo, een van die stoutste en besigste olifantjies wat die kamp nog gesien het.

Mambo stap saam met die groep en is kort-kort by sy ma vir 'n bietjie aandag. Gee sy nie aandag nie, stap hy al hoe stadiger voor haar in die stofpad en tel stof met sy slurpie op wat hy oor ons blaas. As Clever met Mambo raas, hardloop hy weg en gaan soek maroelas tussen die bome. Maar nie lank nie, dan is hy terug en kry ons weer 'n stofbad.

Net twee olifantritte word per dag onderneem, 'n uur in die oggend en 'n uur laatmiddag.

Die res van die dag loop die trop in die veld rond saam met 'n paar hanteerders. Die olifante is baie geheg aan die mense by die kamp. As hulle nie mense om hulle het nie, voel dit of 'n deel van hul familie weg is.

Te gou is die stap verby. Lundi vat ons tot by die houtstellasie en Isaac help ons af. Dit gaan maar sukkel-sukkel af met die trappe. 'n Olifant se rug is breed en almal stap vir 'n ruk 'n bietjie wydsbeen.

Ek en my sus staan vol verwondering en kyk hoe Clever van Lundi se rug afklim, die saal van haar afhaal en dan sag oor haar liggaam streel. Mambo is by sy ma, bly om haar weer net vir homself te hê. Hy druk sy lyf styf teen hare vas en saam verdwyn ma, seun en Clever die bosse in.

"Was daar al ooit 'n mooier maaksel geskep?" het Dalene Matthee in haar boek *Kringe in 'n bos* gevra.

Ná hierdie ervaring is my antwoord: nee.

● Middleton het Camp Jabulani as gas van Amarula Cream besoek.

Agtermekaar, al skommelend in die Bosveld op die rûe van olifante by Camp Jabulani.

JABULANI SE STORIE

In Junie 1997 kry Lente Roode, 'n bekende in bewaringskringe, 'n oproep dat daar 'n vier maande oue olifantjie vasgeval het in 'n modderige watergat. Sy trop het hom probeer uitkry, maar ná 'n paar mislukte pogings het hulle hom agtergelaat.

Roode en haar span het die olifantjie, wat hulle Jabulani genoem het, gered en na die sentrum vir bedreigde spesies in Hoedspruit geneem. Die olifantjie het sterker geword, maar pogings om hom weer by 'n trop wilde olifante te laat inskakel, het misluk.

Toe Jabulani vyf jaar oud was, was daar egter nuwe hoop. 'n Groep olifante wat wees gelaat is ná 'n uitdunningsproses in Zimbabwe moes vinnig 'n nuwe tuiste vind. Drie maande ná hul aankoms is Jabulani aan hulle voorgestel.

Tokwe, die matriarg van die trop, het na Jabulani gestap, haar slurp op sy kop en in sy mond gesit, en hom dadelik aangeneem as haar eie. En só is Camp Jabulani gebore. Dit is nou die tuiste van 14 olifante nadat ses kalfies sedert 2006 hul opwagting gemaak het.

● Besoek campjabulani.com vir meer besonderhede.